

HOSEA

Inleiding

Die boek dra die naam van die profeet wie se profesieë volgens oorlewering in die boek opgeneem is. Die naam Hosea beteken 'Hy verlos'.

Hosea is die eerste boek in die versameling profeteboeke wat bekend staan as die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*, of die Klein Profete. Die woorde “Die begin van wat die HERE deur Hosea gesê het” (1:2) is deur Joodse oorleweraars vertolk as 'n aanduiding dat, van al die profete wie se profesieë in boekvorm oorgelewer is, die HERE eerste met Hosea gepraat het. Daarom is die boek eerste geplaas in die versameling Klein Profete.

Hosea het in Israel opgetree voor die val van Samaria in 722 vC, en die oorgrote meerderheid van die profesieë in die boek was gerig teen die politieke leiers en priesters in Israel tydens die laaste jare van die staat Israel se bestaan. Daar kan aanvaar word dat van die profesieë deur volgelingen van die profeet, maar waarskynlik ook die profeet self opgeteken is (vgl die vertelling in die eerste persoon in 3:1-3). Die oorspronklike inleidingswoorde van die boek, “Die begin van wat ... gesê het” (1:2) kom merkwaardig ooreen met die inleidingswoorde van 'n buite-Bybelse wysheidstek. Aangesien die boek ook afgesluit word met 'n tipiese wysheidspreuk (14:10), kan aanvaar word dat die profesieë moontlik byeengebring is deur groepe wat wysheidstekste oorgelewer het. Dit is egter ook duidelik dat hierdie profesieë wat hoofsaaklik gerig was teen die leiergroepe van Israel in die noorde, ook

van toepassing gemaak is op die inwoners van Juda (vgl 1:7; 4:15; 5:5; 6:11). Dit beteken dat die versameling profesieë in Juda redaksioneel bewerk is. Die datering van die boek in 1:1 wat Judese konings as vertrekpunt neem, bevestig dit.

Die eerste lesers van die boek *Hosea* in sy huidige vorm, sou groepe in Juda gewees het, waarskynlik nie lank ná die val van Samaria nie. Hierdie profeteboek moes as waarskuwing dien aan die inwoners van Juda (vgl 4:15) dat dieselfde lot hulle sou tref as hulle nie aan die HERE gehoorsaam is nie.

Naas die enkele verse in prosa (1:3,6,8; 3:2) en die wysheidspreuk in 14:10, bestaan die boek uit tipiese profetespreuke in poëtiese vorm. Daarin word, meer as in enige ander profeteboek, gebruik gemaak van beeldende taal en metafore. Dit is veral beelde in verband met God wat die leser opval. Hy word byvoorbeeld voorgestel as 'n eggenoot (2:1), 'n leeu (5:14; 13:7), 'n luiperd (13:7), 'n beerwyfie (13:7) en dou (14:7). Dan is daar ook die skokkende vergelyking van God met 'n abses en verrotting (5:12). Israel word onder andere uitgebeeld as 'n ontroue vrou (2:1), 'n halsstarrige koei (4:16), 'n geil wingerdstok (10:1) en 'n ongebore kind (13:13). Die profetespreuke is veral in die vorm van aanklagte gegiet, met slegs enkele heilsorakels (vgl bv 2:13-22; 11:8-11; 14:2-9).

In *Hosea* oorheers oordeelsprofesieë, maar die doel daarvan is om Israel te laat terugkeer na die HERE. Die boek weerspieël God se stryd om die behoud van sy volk wat deur dwase regeer word en in die vrugbaarheidsgodsdiens hulle redding soek. Hosea 11:8-9 is een van die aangrypendste tekste in die Ou Testament, waarin die spanning tussen God se oordeel oor sonde en sy vergewende liefde verwoord word.

Hosea kan soos volg ingedeel word:

1 — 3 Huwelikslewe van die profeet as metafoor vir die verhouding tussen God en Israel

4 — 11 Profetespreuke oor

4:1 — 8:14 Verdorwe priesters en vals godsdiens, burgeroorlog en mislukte politieke beleid

9 — 10 Gevolge van die Baäldiens

11 God se liefde vir Israel

12:1 — 14:9 Verdere profetespreuke oor

12 Israel as navolger van die voorvader Jakob

13:1 — 14:1 Gevolge van Israel se ontrou

14:2-9 Vermaning; belofte van 'n nuwe toekoms

14:10 Wysheidspreuk.

1

¹ *Dit is die woord van die HERE aan Hosea, seun van Beëri. Dit was in die tyd van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda, en in die tyd van Jerobeam, seun van Joas, koning van Israel.

Hosea se huwelik en kinders

² *Die begin van wat die HERE deur Hosea gesê het.

Die HERE het vir Hosea gesê:

“Gaan trou met 'n prostituut

wat hoerkinders het,

want die land hou aan hoereer,

weg van die HERE af.”

*1:1 2 Kon 14:23-29; 15:1-7,32-38; 16:1-20; 18:1 — 20:21; Jes 1:1; Am 1:1; Miga 1:1

*1:2 Eseg 16:15; 23:3-21; Hos 3:1; 4:12; 5:3-4; 9:1

³ Hy het gegaan en met Gomer, dogter van Diblajim, getrou. Sy het swanger geword en vir hom 'n seun in die wêreld gebring. ⁴ *Die HERE sê toe vir hom:

“Noem hom Jisreël,
want nog 'n klein rukkie,
dan roep Ek die huis van Jehu
tot verantwoording
oor die bloedbad by Jisreël.
Ek gaan 'n einde maak
aan die koninkryk
van die huis van Israel.

⁵ Op daardie dag
sal Ek die boog van Israel breek
op die vlakte van Jisreël.”

⁶ *Sy het weer swanger geword en geboorte gegee aan 'n dogter. Die HERE sê toe vir hom:

“Noem haar Lo-Rugama,^a
want Ek gaan My nie langer ontferm
oor die huis van Israel nie,
ja, Ek sal hulle
geensins vergewe nie.*

⁷ *Maar oor die huis van Juda
sal Ek my ontferm.

* **1:4-5** 2 Kon 9:14-37; 10:11; 17:3-6,20-23; Am 7:9,11

* **1:6** Hos 2:1,3,6

^a**1:6 Lo-Rugama:** Die naam beteken ‘sonder ontferming’.

* **1:6 Noem ... vergewe nie:** 1 Pet 2:10

* **1:7** Ps 20:8; Spr 21:31; Miga 5:9; Sag 4:6; 9:10

Ek sal hulle verlos
deur die HERE hulle God;
Ek sal hulle nie
deur boog en swaard en oorlogstuig,
deur perde en ruiters verlos nie.”

⁸ Toe sy Lo-Rugama gespeen het, het sy swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun. ⁹ Die HERE^b sê toe:

“Noem hom Lo-Ammi,^c
want julle is nie my volk nie,
en Ek is nie
‘Ek Is’^d vir julle nie.”*

^{10 e*} Maar die kinders van Israel
sal so veel wees soos die sand
langs die see wat nie afgemeet
en getel kan word nie.

Op die plek waar vir hulle gesê is:

“Julle is Lo-Ammi,”
sal vir hulle gesê word:
“Kinders van die lewende God.”

^b1:9 Die HERE: Letterlik ‘Hy sê toe’. Dit verwys na die HERE.

^c1:9 Lo-Ammi: Die naam beteken ‘nie my volk nie’.

^d1:9 Ek Is: Dit verwys na God se verbondsverhouding met Israel wat beëindig word. Die Tien Gebooie, die verbondsdokument, begin met “Ek is”. Die woorde “Ek Is” kon ook as Naam vir die Verbondsgod gebruik word; vgl Eks 3:14.

*1:9 Noem ... julle nie: Hos 2:22; 1 Pet 2:10

^e1:10 — 2:22 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Hos 2:1-25.

*1:10 Gen 22:17; Jer 33:22; Joh 1:12; Rom 9:26; 1 Pet 2:10

¹¹ *Die kinders van Juda
en die kinders van Israel sal saamkom,
en vir hulle een hoof aanstel.
Hulle sal uit die grond opskiet,
want groot is die dag van Jisreël.^f
¹² *Sê vir julle broers: “Ammi,^g”
en vir julle susters: “Rugama.^h”

2

Israel as ontroue vrou

¹ ⁱ*Kla julle ma aan,
kla haar aan,
want sy is nie my vrou nie,
en ek is nie haar man nie.^j
Laat sy die tekens van hoerery
van haar gesig verwyder,
en die tekens van egbreuk
tussen haar borste^k —

***1:11** Jes 11:12-13; Jer 3:18; Eseg 37:15-28; Sag 10:6

^f**1:11 die dag van Jisreël:** Die naam Jisreël beteken ‘God saai’. Die idioom ‘groot is die dag van Jisreël’ verwys na die val van Jisreël; vgl Hos 1:5.

***1:12** Hos 2:22; 1 Pet 2:10

^g**1:12 Ammi:** Die naam beteken ‘my volk’.

^h**1:12 Rugama:** Die naam beteken ‘sy wat ontferming ontvang’.

ⁱ**2:1-22** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Hos 2:4-25.

***2:1-2** Jes 50:1; Jer 6:8; 9:11; 13:22; Eseg 16:22,39

^j**2:1 want ... man nie:** Hierdie formulering is gebruik om 'n egskeiding te bekragtig.

^k**2:1 hoerery ... borste:** Prostitute was herkenbaar aan hangertjies wat op die voorkop en tussen die borste gedra is; vgl Jer 3:3.

² anders sal ek haar kaal uittrek,¹
en haar laat soos op haar geboortedag.
Ek sal haar soos 'n woestyn^m maak,
haar as 'n dor land laat lê
en haar van dors laat sterf.

³ *Oor haar kinders
sal ek my nie ontferm nie,
want hulle is hoerkinders.ⁿ

⁴ *Ja, hulle ma het gehoereer;
sy wat met hulle swanger was,
het haar skandelik gedra.

Sy het immers gesê:
“Ek wil agter my minnaars aanloop,
hulle wat my brood en water,
my wol en vlas,
my olyfolie en drank
vir my gee.”^o”

⁵ *Daarom, kyk, ek gaan haar^p pad
met doringtakke afsper,

¹**2:2 kaal uittrek:** Dit was die straf vir ontrou in die huwelik; vgl Eseg 16:36-39.

^m**2:2 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***2:3** Hos 1:6; 5:7

ⁿ**2:3 hoerkinders:** Dit verwys na die kinders wat Gomer reeds gehad het, toe die profeet met haar getroud is; vgl 1:2.

***2:4** Jer 2:25; 3:13; Hos 1:2

^o**2:4 Ek ... gee:** Dit is 'n verwysing na die vrugbaarheidsgodsdiens. Daar is geglo dat die afgod, •Baäl, al hierdie produkte skenk.

***2:5** Job 19:8; Klaagl 3:9

^p**2:5 haar:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui: “jou”.

'n muur om haar bou,
sodat sy haar paaie nie vind nie;
⁶* sodat sy agter
haar minnaars aangaan,
maar hulle nie bereik nie,
hulle soek, maar hulle nie vind nie.

Dan sal sy sê:

“Ek wil teruggaan
na my eerste man,
want toe was dit vir my beter
as nou.”

⁷* Maar sy het nie erken
dat dit ek is wat vir haar koring,
mos en olyfolie gegee het nie;
silwer het ek vir haar in oorvloed gegee,
ook goud.

Hulle het dit vir Baäl^q gebruik.

⁸* Daarom, ek gaan weer
my koring terugvat in die oestyd,
my mos in die feestyd.

Ek gaan my wol en vlas wegvat
wat bedoel is
om haar naaktheid te bedek.

***2:6** Jes 54:5; Jer 2:2; Luk 15:17-18

***2:7** Deut 7:13; Rig 2:11; Eseg 16:17-19

^q**2:7 Baäl:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

***2:8** Hos 8:7; 9:2

- ⁹ “*Daarom gaan Ek
haar skaamdele ontbloot
voor die oë van haar minnaars,
en niemand sal haar
uit my hand red nie.
- ¹⁰ *Ek gaan 'n einde maak
aan al haar feesvreugde:
haar pelgrimsfeeste,
haar nuwemaansfeeste
en haar Sabbatte,
ja, elkeen van haar feesgeleenthede.
- ¹¹ *Ek gaan haar wingerde
en haar vyeboorde verwoes,
waarvan sy gesê het,
‘Dit is 'n geskenk aan my
wat my minnaars my gegee het.’
Ek sal dit 'n ruigte maak,
en die wilde diere sal dit opvreet.
- ¹² *Ek gaan van haar rekenskap eis
oor die feesdae vir die Baäls^r
waarop sy vir hulle geoffer het,
toe sy haar versier het
met ringe en juwele,

*2:9 Jer 4:30; 13:22,26; Klaagl 1:8

*2:10 Jes 1:13-14; Jer 7:34; Am 5:21-23; 8:10

*2:11 Ps 80:13-14; Jes 5:5-6; Miga 1:7

*2:12 Eseg 23:35,40-41; Hos 11:2

^r2:12 Baäls: Vgl voetnoot in Hos 2:7. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

en agter haar minnaars aangeloop het.
Maar My het sy vergeet,”
is die uitspraak van die HERE.

Belofte van 'n nuwe verhouding

¹³ “*Daarom, kyk,
Ek gaan haar oorhaal,
haar na die woestyn laat gaan,
en mooi met haar praat.^s
¹⁴ Ek sal daarna haar wingerde
vir haar teruggee,
en die vallei van Akor*
as 'n poort van hoop.
Daar sal sy antwoord
soos in haar jong dae,
soos in die tyd toe sy uit Egipteland
opgetrek het.

¹⁵ *“Op daardie dag,”
is die uitspraak van die HERE,
“sal jy My noem, ‘my Man’.
Jy sal My nie weer
‘my Baäl’ noem nie.

¹⁶ Ek sal die name van die Baäls^t

***2:13-14** Eks 15:1-18,20; Jer 31:2-4; Eseg 20:33-38; 28:25-26; Hos 13:4-5

^s**2:13** mooi ... praat: Die Hebreuse idioom kan vertaal word: “praat na die hart van”.

***2:14** vallei van Akor: Jos 7:24-26

***2:15-16** Eks 23:13; Jes 54:5; Sag 13:2

^t**2:16** Baäls: Vgl voetnoot in Hos 2:12.

uit haar mond verwyder;
hulle name sal nie weer
in herinnering geroep word nie.

¹⁷ “*Ek sal op daardie dag
vir hulle 'n verbond sluit
met die diere van die veld,
die voëls van die hemel,
en die diere wat op die grond kruip.
Boog en swaard en oorlogstuig
sal Ek in die land stukkend breek;
Ek sal sorg dat hulle veilig gaan slaap.

¹⁸ “*Ek gaan My vir altyd
aan jou verloof;
Ek gaan My aan jou verloof,
met reg en geregtigheid,
met troue liefde en ontferming
as bruidsprys.^u

¹⁹ Ek gaan My in trou aan jou verloof,
en jy sal die HERE erken.

²⁰ * “Op daardie dag
sal Ek antwoord,”
is die uitspraak van die HERE;

*2:17 Jes 2:4; 11:6; Eseg 34:25; Hos 2:15,20

*2:18-19 Jes 54:5-8; Jer 31:34; Hos 6:6; 2 Kor 11:2

^u2:18 as bruidsprys: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*2:20-21 Jes 55:10; Sag 8:12; Mal 3:10

“Ek sal die hemel antwoord,
en dit sal die aarde antwoord;
²¹ die aarde sal die koring,
die mos en olyfolie antwoord,
en hulle sal Jisreël antwoord.

²² * “Ek gaan haar
vir my in die land saai.
Ek sal my ontferm oor Lo-Rugama,^v
en vir Lo-Ammi^w sal Ek sê,
‘Jy is my volk,’
en hy sal sê, ‘my God.’ ”

3

God gee 'n nuwe opdrag

¹ * Die HERE het vir my gesê:
“Gaan weer, gaan bemin 'n vrou
wat bemin word deur 'n vriend,
en wat egbreuk pleeg;
soos die Here die Israëliete liefhet,
terwyl hulle na ander gode draai
en van rosynekoeke hou.”^x

***2:22** Hos 1:6,9; 2:1; Rom 9:25; 1 Pet 2:10

^v**2:22 Lo-Rugama:** Die naam beteken ‘sonder ontferming’.

^w**2:22 Lo-Ammi:** Die naam beteken ‘nie my volk nie’.

***3:1** Jer 3:20; Hos 1:2-3

^x**3:1 rosynekoeke:** In die vrugbaarheidsgodsdiens het rosynekoeke 'n belangrike rol gespeel.

² Ek het haar toe vir my gehuur vir vyftien silwerstukke^y en 'n gomer^z en 'n letek^{aa} gars. ³ *Ek het vir haar gesê:

“Vir 'n lang tyd moet jy by my bly.

Jy mag nie hoereer nie,

en jy mag nie aan 'n man behoort nie.

Ek sal ook so teenoor jou optree.”

⁴ Want vir 'n lang tyd sal die Israeliete sonder 'n koning en hoë amptenare, sonder offers en gedenkstone,^{bb} sonder efod^{cc} en huisgode^{dd} moet bly.

⁵ *Daarna sal die Israeliete terugkeer en die HERE, hulle God, soek, en Dawid, hulle koning.

Ja, hulle sal bewend na die HERE gaan, en na sy goedheid in die laaste dae.

4

Oordeel oor priesters en afgodsdienste

¹ *Luister na die woord van die Here,

^y**3:2 15 silwerstukke:** Ongeveer 171 g; •Geldeenhede.

^z**3:2 gomer:** Ongeveer 220 ℓ; •Inhoudsmate.

^{aa}**3:2 letek:** Ongeveer 110 ℓ.

***3:3-4** Rig 17:5; Dan 9:27; Hos 2:11; 10:1-3; 13:10-11

^{bb}**3:4 gedenkstone:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

^{cc}**3:4 efod:** Dit was 'n soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

^{dd}**3:4 huisgode:** Beeldjies wat mense in hulle afgodsdienste gebruik het.

***3:5** Jes 11:1-5; Jer 23:5-6; 30:9; 31:9,12; Eseg 34:23; Rom 11:23

***4:1-2** Jes 3:13-15; Jer 7:9; Hos 6:9; 12:3; Miga 6:2

Israëliete,
want die HERE, het 'n regspraak
teen die inwoners van die land:
“Omdat daar geen betroubaarheid,
geen troue liefde,
en geen kennis van God
in die land is nie,
² het meened en bedrog,
moord, diefstal en egbreuk
toegeneem,
en bloedbad volg op bloedbad.
³ *Daarom verdor die land,
en kwyn almal weg wat daarin woon
saam met die diere van die veld
en die voëls van die hemel.
Selfs die visse in die waters
word bymekaargemaak.

⁴ “^{ee} *Tog moet 'n mens nie aankla
en iemand tereg wys nie,
want dit is jou mense
met wie Ek eintlik die stryd voer,
priester.

⁵ * Jy gaan vandag struikel;

* 4:3 Jer 4:28; Sef 1:3

^{ee}4:4 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal. Die •Septuagint wyk ook van die bronteks af.

* 4:4-14 Jer 2:8; Mal 2:8-9

* 4:4 Deut 17:12-13; Jer 5:4-5; Am 5:10,13

* 4:5 Hos 2:2,5

ook profete sal vannag
saam met jou struikel,
en Ek gaan jou moeder laat omkom.

⁶ “*My volk kom om
weens 'n gebrek aan kennis.
Omdat jy die kennis verwerp het,
sal Ek jou verwerp,
sodat jy nie meer vir My
priesterdiens doen nie;
omdat jy die wet van jou God
vergeet het,
sal Ek ook jou seuns vergeet.

⁷ “*Hoe meer hulle geword het,
hoe meer het hulle
teen My gesondig.
Hulle aansien sal Ek in skande verander.

⁸ *Op die sonde^{ff} van my volk teer hulle,
na hulle sondeskuld hunker hulle.

⁹ *Dit sal met die priesters gaan
soos met die volk:
Ek gaan van hulle rekenskap eis
oor hulle optrede,

* 4:6 Jes 5:13; Jer 2:8; Sag 11:8-9; Mal 2:7-8

* 4:7 Jer 2:11; 23:40; Hos 10:1; Mal 2:9

* 4:8 Jes 56:11; Miga 3:11

^{ff}4:8 sonde: Die woord vir “sonde” kan ook vertaal word as: “sondeoffer”; vgl Lev 6:25-26.

* 4:9-10 Jes 24:2; Hos 8:13; Miga 6:14; 2 Tim 4:3-4

hulle vergeld vir hulle dade.

¹⁰ Hulle eet,

maar sal nie versadig word nie;

hulle hoereer,

maar sal nie meer word nie.

Omdat hulle die HERE verlaat het

om hulle toe te wy aan ¹¹ *hoerery;

en omdat wyn en mos

hulle verstand benewel,

¹² doen my volk by sy hout navraag,

gee sy wandelstok vir hom inligting.^{gg}

Omdat 'n gees van hoerery

hulle laat dwaal,

hoereer hulle weg van hulle God af.

¹³ *Op die bergtoppe slag hulle

en op die heuwels offer hulle,

onder eikebome, storaksbome en terebintbome,^{hh}

omdat daar goeie skaduwee is.

Daarom hoereer julle dogters,

en pleeg julle skoondogters egbreuk.

¹⁴ Ek sal nie julle dogters

tot verantwoording roep

omdat hulle hoereer,

* 4:11-12 Jes 28:7; Jer 2:27; Hos 5:4; Hab 2:19; Sir 19:2

^{gg}4:12 sy hout ... inligting: Dit verwys na die gebruik om die toekoms te voorspel met behulp van 'n wandelstok.

* 4:13-14 Deut 12:2-3; 23:17-18; Jes 57:5,7; Jer 2:20; Eseg 6:13; Hos 10:8

^{hh}4:13 eikebome ... terebintbome: Hierdie bome is geassosieer met heilige plekke waar die vrugbaarheidsgodsdiens beoefen is; •Terebintboom.

of julle skoondogters
omdat hulle egbreuk pleeg nie,
want die priestersⁱⁱ gaan eenkant toe
met prostitute,
en saam met tempelprostitute
slag hulle offers.
'n Volk wat nie begrip toon nie,
gaan ten gronde.

¹⁵ * “As jy hoereer, Israel,
moet Juda tog nie skuldig word nie.
Julle moenie na Gilgal gaan nie,
en moenie optrek na Bet-Awen^{jj} nie.
Moenie sweer,
‘so waar as die HERE leef’ nie.”

¹⁶ * Ja, Israel is so koppig
soos 'n koppige koei.
Sal die HERE hulle nou laat wei
soos 'n lam in die oopte?

¹⁷ Efraim is verbind aan afgode —
laat hom met rus!^{kk}

¹⁸ Wanneer hulle drinkery ophou,^{ll}

ⁱⁱ**4:14 die priesters:** Die bronteks lui: “hulle” (manlik).

* **4:15** Jer 4:2; Hos 9:15; 12:12; Am 4:4; 5:5; 8:14

^{jj}**4:15 Bet-Awen:** Dit verwys na Bet-El en beteken ‘tuiste van onreg’.

* **4:16-19** Jes 1:29; 7:25; Jer 4:11-13; 31:18; Hos 6:4-6; Am 2:8; 4:1

^{kk}**4:17 laat ... rus:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{ll}**4:18 Wanneer ... ophou:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

hoereer hulle op groot skaal.
Hulle het skande,
haar skaamtelose gedrag,
hartstogtelik lief.

¹⁹ Die wind het haar
in sy vleuels toegevou,^{mm}
hulle gaan in die skande kom
oor hulle offers.

5

¹ “*Luister hierna, priesters;
gee ag, huis van Israel;
en koningshuis, gee aandag,
want die oordeel is vir julle bedoel:
Ja, julle het 'n wip geword vir Mispa,ⁿⁿ
'n oopgespreide vangnet op Tabor,
² julle het 'n diep vanggat
in Sittim* gegrawe.^{oo}
Maar Ek is 'n tugtiging vir hulle almal.

³ * “Ek ken Efraim

^{mm}**4:19 wind ... toegevou:** Die uitdrukking verwys na die wind se vernietigingskrag.

***5:1-2** Hos 4:2; 6:8-9; 9:8-9; Am 3:1

ⁿⁿ**5:1 Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem; vgl 1 Sam 7:6.

***5:2 Sittim:** Num 25:1; Hos 5:2

^{oo}**5:2 julle ... gegrawe:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een letter en enkele vokale. Die •bronteks lui: “en 'n slagting, ontroues het dit diep gemaak”.

***5:3** Hos 4:17; 6:10; Am 3:2; 5:12

en Israel is vir my nie verborge nie;
ja, nou het jy gehoereer, Efraim,
Israel het homself verontreinig.”

⁴* Hulle dade laat hulle nie toe
om na hulle God terug te keer nie,
want 'n gees van hoerery
heers in hulle midde,
en hulle ken die HERE nie.

⁵ Israel se hoogmoed
getuig openlik teen hom,
en Israel en Efraim
sal deur hulle sondeskuld struikel.
Ook Juda het saam met hulle gestruikel.

⁶* Met hulle kleinvee en beeste
gaan hulle om die Here te soek,
maar hulle sal Hom nie vind nie —
Hy het Hom aan hulle onttrek.

⁷* Teenoor die HERE was hulle ontrou,
want hulle het buite-egtelike kinders
verwek.

Nou gaan Hy hulle verteer,
met die nuwemaan,
ook hulle landerye.

*5:4-5 Jer 13:9,23; Hos 4:5-6,11-12; 7:10; Am 6:8

*5:6 Jes 1:11-15; Am 5:21-22; Miga 6:6-7

*5:7 Jer 3:20; Hos 2:4,11-12; 6:7

Oorlog tussen Efraim en Juda

⁸ “*Blaas die ramshoring in Gibeá,
die trompet in Rama;
hef die krygsgeskreeu aan in Bet-Awen!
Agter jou is Benjamin!

⁹ Efraim, jy gaan 'n woesteny word
op die dag van straf.
Onder die stamme van Israel
maak Ek bekend wat betroubaar is.

¹⁰ “*Die leiers van Juda het geword
soos hulle wat grenslyne verlê.
Oor hulle sal Ek my woede uitstort
soos water.

¹¹ Efraim is verdruk
en die reg is verkrag,
want hy was gretig
om agter 'n nikswerd^{pp} aan te loop.^{qq}

¹² *Maar Ek is soos 'n abses vir Efraim,
soos verrotting vir die huis van Juda.

¹³ Toe Efraim sy siekte bemerk
en Juda sy sweer,
het Efraim na Assirië gegaan,

***5:8-9** Jer 4:5; Hos 9:7,9; Joël 2:1; Am 3:14-15

***5:10-11** Deut 19:14; 27:17; Eseg 7:8; Hos 9:16; Am 4:1

^{pp}**5:11 nikswerd:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit verwys moontlik na Resin, die koning van die Arameërs; vgl 2 Kon 16:5.

^{qq}**5:11 Efraim ... loop:** Efraim het met die Arameërs saamgesweer om die koning van Juda te onttron; vgl 2 Kon 16:5-9; Jes 7:1-6.

***5:12-13** Jer 30:12-15; Hos 7:11; 8:9; 10:6; Hab 3:16

'n afvaardiging na koning Jareb^{rr}
gestuur.

Maar hy kan julle nie gesond maak nie,
hy kan julle van die sweer nie genees nie.

¹⁴ *Want Ek is soos 'n leeu
teenoor Efraim,
soos 'n jong leeu
teenoor die huis van Juda.

Ek, ja Ek, verskeur en stap weg,
Ek dra weg terwyl niemand kan red nie.

¹⁵ Ek gaan weer terug na my plek,
totdat hulle skuld bely,
en my teenwoordigheid opsoek;
in hulle nood sal hulle My soek.”

6

¹ “*Kom ons keer terug
na die HERE —
want Hy is die Een
wat ons verskeur het,
maar Hy sal ons gesond maak;
Hy het ons geslaan,
maar Hy sal ons wonde verbind.

² Hy sal ons ná twee dae

^{rr}**5:13 koning Jareb:** Die bronteks kan ook vertaal word: “groot koning”. Dit verwys na die Assiriese koning by wie Efraim en Juda hulp gesoek het in die broederoorlog.

* **5:14-15** Ps 50:22; Jer 29:13; Hos 6:1; 11:10; 13:7-8; Am 3:4,12; 5:4

* **6:1** Deut 32:39; Jer 30:17; Hos 5:14; 14:1,4

lewend maak,
op die derde dag
sal Hy ons laat opstaan,^{ss}
sodat ons voor Hom kan lewe.

³ *Laat ons Hom ken,
laat ons daarna streef
om die HERE te ken.

So seker soos dagbreek is sy verskyning;
Hy sal soos reën
na ons toe kom,
soos lentereën
wat die grond deurnat maak.”

⁴ “*Wat moet Ek met jou doen, Efraim?
Wat moet Ek met jou doen, Juda?
Julle trou is soos 'n môrewolk,
soos dou wat vroeg verdwyn.

⁵ *Daarom het Ek hulle neergevel
deur die profete,
hulle omgebring
met die woorde van my mond.

^{ss}**6:2 sal Hy ... opstaan:** Wanneer die volk buite die verbond met God geleef het, was hulle ‘dood’. Wanneer die verbond herstel is, het hulle weer ‘gelewe’. Verbondsluiting of -hernuwing het vroegoggend op die derde dag by die heiligdom plaasgevind; vgl Eks 19:10-11,16. Luk 24:46; 1 Kor 15:4 verwys na Hos 6:2 as heenwysing na Jesus Christus.

***6:3** Deut 11:14; Ps 72:6; Joël 2:23; Miga 4:2; 5:2

***6:4** Hos 7:1; 11:8; 13:3

***6:5** Jer 1:9-10; 5:14; 23:29; Hos 12:10; Heb 4:12

My oordele verskyn soos die lig;^{tt}

⁶ * want Ek verwag troue liefde,

nie offers nie;

kennis van God,

eerder as brandoffers.”

Israel is steeds ontrou

⁷ “* Maar hulle het die verbond

oortree soos in Adam;^{uu}

daar was hulle ontrou aan My.

⁸ * Gilead is 'n dorp van boosdoeners,

hulle laat 'n spoor van bloed.^{vv}

⁹ * Soos struikrowers

wat iemand voorlê,^{ww}

is die priesterbende —

op die pad na Sigem

pleeg hulle moord;

ja, hulle tree skandelik op.

¹⁰ * “In die huis van Israel

^{tt}**6:5 My ... lig:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui: “jou oordele, lig verskyn”.

* **6:6** Hos 4:1-3; Am 5:21-22; Miga 6:6-8; Matt 9:13; 12:7; Mark 12:33

* **6:7** Hos 5:7; 8:1

^{uu}**6:7 Adam:** Hierdie dorp was oos van die Jordaan geleë; vgl Jos 3:16.

* **6:8** Hos 12:12

^{vv}**6:8 spoor van bloed:** Die vertaling berus op 'n ander woordverdeling van die bronteks. Die bronteks lui: “hobbelrige weg van bloed”.

* **6:9** Jer 7:9-10; Eseg 22:9; Hos 4:2

^{ww}**6:9 Soos ... voorlê:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

* **6:10** Jer 23:14; Hos 5:3

het Ek iets afskuweliks gesien:
Daar het die hoerery van Efraim
plaasgevind,
is Israel verontreinig.”

¹¹ *Ook Juda —
Hy het vir jou 'n oes bestem.^{xx}

“Terwyl Ek die lot van my volk verander,

7

¹ * “terwyl Ek Israel genees,
kom die sondeskuld van Efraim
en die booshede van Samaria
aan die lig.
Ja, hulle het vals opgetree:
Diewe breek in,
en op straat plunder rowerbendes.

² Hulle dink nie eers daaraan
dat Ek al hulle boosheid
in gedagte hou nie.
Nou het hulle dade hulle ingehaal;
dit lê oop en bloot voor My.”

Staatsgrepe in Israel

³ * “Met hulle boosheid

*6:11 Jes 63:3; Hos 10:13; Sef 2:7

^{xx}6:11 Ook ... bestem: Hierdie woorde is waarskynlik bygevoeg deur 'n latere oorskrywer van die teks.

*7:1-2 Ps 90:8; Spr 5:22; Jer 14:10; Eseg 7:3-4; Hos 4:2; 6:4,9

*7:3 Miga 7:3; Rom 1:32

verheug hulle die koning,
en met hulle leuens, leiers;
⁴ *hulle is almal ontroues.
Dit is soos 'n oond wat bly smeul,
soos wanneer die bakker
ophou vuurmaak,
vandat die deeg geknie
is totdat dit uitgerys het.

⁵ *Op die dag van ons koning^{yy}
het hulle die leiers bedwelm
met die gloed van wyn;
dit het die raadgewers
in sy mag meegevoer.^{zz}

⁶ *Toe hulle hulde betoon het,
was hulle harte soos 'n oond,^a
terwyl hulle 'n hinderlaag opstel.
Die hele nag sluimer hulle drif;^b
teen die môre vlam dit op soos 'n vuur.

*7:4 Jer 9:2; 23:10

*7:5 Jes 28:1,7

^{yy}7:5 dag ... koning: Dit verwys waarskynlik na die herdenking van sy troonbestyging wat gewoonlik in die herfs plaasgevind het. By daardie geleentheid het die nuwe wyn vryelik gevloei.

^{zz}7:5 raadgewers ... meegevoer: Word ook vertaal: “hy reik sy hand na die spotters”.

*7:6 Jer 9:8; Miga 2:1

^a7:6 Toe ... oond: Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal. Die •Masoretiese teks lui: “Hulle het hulle harte nader gebring soos 'n oond”.

^b7:6 hulle drif: Die •Peshitta en •Targum word hier gevolg. Die woord word anders gevokaliseer as in die •bronteks. Die bronteks lui: “hulle bakker”.

⁷ Hulle het almal gegloei soos 'n oond;
hulle het hulle heersers verteer;
al hulle konings het tot 'n val gekom.^c
Daar is onder hulle nie een
wat na My roep nie.”

Mislukte buitelandse beleid

⁸*“Efraim is onder die nasies,
hy word self geknie.
Efraim het geword soos 'n roosterkoek
wat nie omgedraai is nie.

⁹*Vreemdes het sy kragte verteer,
maar hy besef dit nie.
Hy het ook grys geword,
maar hy besef dit nie.

¹⁰*Israel se hoogmoed getuig teen hom,
maar hulle keer nie terug
na die HERE hulle God nie;
te midde van dit alles
soek hulle Hom nie op nie.

¹¹*Efraim het geword soos 'n duif —
dom en sonder verstand.
Hulle het vir Egipte gekoer,
maar na Assirië gevlieg.

^c**7:7 al hulle ... gekom:** Vanaf 752 tot 732 vC is in Israel vier konings in staatsgrepe om die lewe gebring; vgl 2 Kon 15:8-30.

***7:8-16** Jer 2:18

***7:9** Jes 1:7; 42:25; Hos 8:7

***7:10** Jes 9:12; Hos 5:4-5

***7:11-12** Jer 2:18; Eseg 12:13; 32:3; Hos 5:13; 11:11

¹² Wanneer hulle vlieg,
sprei Ek my vangnet oor hulle uit.

Soos voëls van die hemel
sal Ek hulle neertrek.

Ek sal hulle vang soos iemand
wat vir die swerm luister.^d

¹³ *Wee hulle,
want hulle vlug weg van My af.

Verwoesting wag op hulle,
want hulle het teen My oortree.

Ek wou hulle verlos,
maar hulle het leuens oor My vertel.

¹⁴ *Hulle roep nie uit die hart
na My om hulp nie;
want hulle kerm op hulle lêplekke;
oor koring en mos
sny hulle hulleself stukkend^e —
so draai hulle teen My.

¹⁵ *Ek is die Een wat hulle geleer het.
Ek het hulle arms sterk gemaak,
maar teen My beplan hulle kwaad.

^d**7:12 Ek sal ... luister:** Dit verwys na die gebruik in Palestina om duiwe wat in ou waterputte broei, met 'n net te vang. Dit kan ook vertaal word: “Ek laat hulle tugtig soos die berig vir hulle samekoms.”

***7:13** Jer 14:10; Hos 7:1; 9:12

***7:14** 1 Kon 18:28; Jes 29:13; Jer 3:10

^e**7:14 oor ... stukkend:** Die •Septuagint en sommige Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui: “oor koring en nuwe wyn vertoef hulle as vreemdelinge”.

***7:15-16** Ps 78:57; Eseg 23:32; Hos 9:3; Mal 3:13-14

¹⁶ Hulle keer terug na wat nutteloos is;^f
hulle het soos 'n slap boog geword.
Hulle leiers sal deur die swaard val
oor die vervloeking
wat hulle uitgespreek het.^g
Dit sal hulle bespotting wees
in Egipteland.”

8

¹ “*Bring die ramshoring
na jou mond!
Daar sirkel 'n arend
bo die huis van die HERE,
omdat hulle my verbond oortree het,
en teen my wet in opstand is.
² *Na My roep hulle om hulp,
'My God, ons, Israel, ken U!
³ *Israel het die goeie verwerp,
'n vyand sal hom agtervolg.
⁴ *Daardie manne het konings aangestel,
maar sonder my goedkeuring.
Hulle het leiers aangewys,

^f7:16 Hulle ... is: Die Septuagint word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^g7:16 oor ... uitgespreek het: Dit verwys waarskynlik na die gebruik om by 'n verbondsluiting jouself te vervloek as jy nie sal doen wat jy onderneem het nie.

*8:1 Deut 28:49; Hos 5:8; 6:7

*8:2 Jer 14:8-9; Hos 7:14; Matt 7:21-23; Tit 1:16

*8:3 Deut 28:25

*8:4 2 Kon 15:10,13-14,17,23,25,30; Hos 2:7; 13:10-11

maar Ek ken hulle nie.

Met hulle silwer en hulle goud

het hulle vir hulle afgode gemaak —
net sodat dit vernietig kan word.”

⁵ *Hy het jou kalf verwerp, Samaria!

“My woede het teen hulle ontvlam.

Hoe lank nog

sal hulle nie rein kan wees nie —

⁶ as hulle dan deel is van Israel.

En daardie ding,

'n ambagsman het dit gemaak;

dit is nie 'n god nie.

Ja, die kalf van Samaria

sal houtspaanders word.

⁷ “*As mense wind saai,

sal hulle 'n storm oes.

As daar geen are

aan 'n koringhalm is nie,

lewer dit geen korrels nie.

As dit dalk iets lewer,

sal vreemdes dit insluk.

⁸ **Israel is ingesluk;

nou het hulle onder die nasies geword

soos 'n stuk gereedskap

* **8:5-6** 1 Kon 12:28-30; Jes 40:18-20; Hos 13:2

* **8:7** Spr 22:8; Jes 66:15; Hos 10:12-13; Gal 6:7-8

* **8:8-10** Jer 2:18

* **8:8** Jes 30:14; Jer 22:28; 51:34

wat geen waarde meer het nie;
⁹* want hulle het opgetrek na Assirië.

Efraim is 'n eensame wildedonkie:
Hulle het ywerig vriende gewerf.^h

¹⁰* Selfs al werf hulle vriende
onder die nasies —

Ek gaan hulle nou bymekaar jaag,
en hulle sal begin om weg te kwyn
onder die las
van die koning van vorste.ⁱ

¹¹*“Toe Efraim meer altare gebou het
vir sondeoffers,
het dit vir hom altare geword
om op te sondig.

¹² Al skryf Ek vir hom my wet
tienduisend maal neer,
dit word as iets vreemds gereken.”

¹³ Hulle slag offers vir die genot^j —
vleis, sodat hulle kan eet.

* **8:9** Jer 2:24; Eseg 16:28

^h**8:9 Hulle ... gewerf:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

* **8:10** Jer 42:2; Eseg 16:33-34,37,41; 26:7

ⁱ**8:10 sal begin ... vorste:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan ook vertaal word: “binnekort sal hulle uitgeput wees ...” “Koning van vorste” verwys na die Assiriese koning.

* **8:11-13** Deut 4:6-8; Jes 1:10-20; Hos 4:6; 6:6; 9:3,6; 11:5; Am 4:4-5

^j**8:13 vir die genot:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal: “my aangebied”.

Die HERE, Hy aanvaar hulle nie.
Nou gaan Hy hulle sondeskuld
in herinnering roep,
en Hy gaan rekenskap eis
oor hulle sondes.
Wat hulle betref,
na Egipte sal hulle terugkeer.

¹⁴ “Toe Israel sy Maker vergeet het,^{*}
het hy paleise gebou;
en Juda het die versterkte stede
meer gemaak.
Maar Ek gaan vuur slinger^k
teen sy stede,
en dit sal sy vestings^l verteer.^{**}”

9

Einde van 'n fees

¹ *Moenie vrolik wees nie, Israel,
moenie juig soos die volke nie,
want jy het van jou God af weg hoereer;
jy was lief vir hoereeloon

^{*}8:14 Toe ... vergeet het: Deut 32:15,18; Jes 17:7,10; Hos 2:13; 13:6

^k8:14 vuur slinger: Tydens 'n beleg is stede bestook met brandpyle en brandende voorwerpe uit katapulte.

^l8:14 vestings: Dit was versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

^{*}8:14 Ek ... verteer: Am 1:4,7,10,12; 2:2,5

^{*}9:1 Jes 22:12-13; Hos 2:4; 4:12

op al die dorsvloere vir koring.

²*Die dorsvloer en parskuip

sal hulle nie voed nie,

en mos sal daarin ontbreek.

³*Hulle sal nie

in die land van die HERE bly nie,

maar Efraim

sal na Egipte terugkeer

en in Assirië

sal hulle •onrein kos eet.

⁴*Hulle sal nie vir die HERE

wyn uitgiet nie,

en hulle sal nie vir Hom

hulle offers aanbied nie.

Soos kos van mense wat rou,

sal dit vir hulle wees —

almal wat daarvan eet,

sal hulleself verontreinig.*

Ja, hulle kos sal net

vir hulle eie kele wees,

dit sal nie in die huis van die HERE

kom nie.^m

⁵*Wat gaan julle doen in die feestyd,

*9:2 Hos 2:8; Joël 1:10

*9:3 Eseg 4:13; Hos 11:5

*9:4 Jer 16:5-7; Hos 8:13

*9:4 hulleself verontreinig: Deut 26:14

^m9:4 huis ... kom nie: Die eerste opbrengs van die oes is na die tempel geneem as 'n dankoffer aan die HERE. So is die hele oes geheilig; vgl Deut 26:1-11.

*9:5 Jes 10:3; Jer 5:31; Hos 2:10

in die tyd van die pelgrimsfees
vir die HERE?

⁶ *Want kyk,
dié wat aan die verwoesting ontkom —
Egipte sal hulle bymekaarmaak
en Memfisⁿ sal hulle begrawe.
Hulle kosbaarhede van silwer —
brandnetels sal dit in besit neem,^o
sydissels wat in hulle woonplekke is.

⁷ *Die dae van afrekening
het aangebreek;
die dae van vergelding het gekom —
Israel sal dit ervaar.

Jy sê:^p “Die profeet is 'n gek,
die man met die gees is waansinnig!”^q
Ja, dit is oor die omvang
van jou sondeskuld
en omdat die vyandigheid so groot is.

***9:6** Jes 5:6; 34:13; Hos 9:3; 10:8

ⁿ**9:6 Memfis:** Die belangrikste stad in Benede-Egipte; 21 km suid van die huidige Kaïro.

^o**9:6 Hulle kosbaarhede ... neem:** Voor 'n vyandige inval het mense hulle kosbaarste besittings begrawe om dit ná die tyd weer op te grawe; vgl Matt 13:44.

***9:7** Jes 10:3; Jer 10:15; Eseg 13:3; Hos 5:9; Am 3:2; Luk 21:22

^p**9:7 Jy sê:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^q**9:7 Die profeet ... waansinnig:** Die belediging was waarskynlik die woorde van 'n priester by Bet-El; vgl Am 7:10-15.

⁸ *'n Profeet is die een
wat saam met my God
waak oor Efraim;
maar die net van die voëlvanger
is op al sy paaie;
daar is vyandigheid
in die huis van sy God.

⁹ *Hulle het uiters verdorwe opgetree
soos in die dae van Gibeä.
Hy gaan hulle sondeskuld
in herinnering roep,
Hy gaan rekenskap eis
oor hulle sondes.

Getuienis teen Israel

¹⁰ “*Soos druiwe in die woestyn^r
het Ek Israel gevind.
Soos die voorvye aan 'n vyeboom
in sy eerste drag
het Ek julle voorouers gesien.
Maar hulle het by Baäl-Peor^s aangekom,
hulleself aan die skande^t gewy,

***9:8** Jer 20:1-6; Eseg 3:17; Hos 5:1

***9:9** Rig 19:14-30; Hos 10:9

***9:10** Num 25:1-9; Deut 32:10; Jes 28:4; Jer 2:2; 3:24; Miga 7:1; Rom 1:28-29

^r**9:10 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^s**9:10 Baäl-Peor:** Die Baäl-heiligdom wat ook Bet-Peor genoem word; vgl Deut 3:29.

^t**9:10 die skande:** Dit verwys na die afgod Baäl.

en net so walglik geword
soos dit waarvoor hulle lief is.

¹¹ “*Efraim, soos 'n voël
sal hulle aansien wegvlieg —
daar sal geen geboorte,
geen swangerskap
en geen bevrugting wees nie.

¹² Selfs as hulle hulle kinders grootmaak,
sal Ek hulle kinderloos maak;
geen mens sal oorbly nie.
Ja, wee hulle ook
as Ek My aan hulle onttrek.

¹³ * “Efraim, ek het hom gesien
as 'n jong palm geplant in 'n weiveld.
Maar Efraim sal sy kinders
moet uitlewer aan 'n moordenaar.”

¹⁴ Gee vir hulle, HERE, wat U wil gee;
gee vir hulle kinderlose moederskote
en verskrompelde borste.

¹⁵ “*Al hulle boosheid het in Gilgal begin,
ja, daar het Ek 'n weersin in hulle gekry.
Oor die boosheid van hulle dade
gaan Ek hulle uit my huis verdryf;

*9:11-12 Deut 28:18; 32:25; Job 27:14; Eseg 24:21; Hos 4:7,10; 7:13

*9:13-14 Ps 92:13; Jer 4:31; Hos 9:11,16; Luk 23:29

*9:15 Jes 1:23; Hos 4:15; 12:12; Am 4:4

Ek sal hulle nie verder liefhê nie.
Al hulle leiers is opstandig.

¹⁶ * “Efraim is getref,
hulle wortels het verdroog,
hulle sal nie enige vrug dra nie.
Selfs as hulle kinders verwek,
sal Ek dit wat so waardevol is
in hulle moederskoot, ombring.”

¹⁷ * My God verwerp hulle,
omdat hulle nie na Hom
geluister het nie.
Hulle sal swerwers wees
onder die nasies.

10

Gevolge van die vrugbaarheidsgodsdiens

¹ * Israel was 'n welige wingerdstok;
so ook sy vrugte wat hy gedra het.
Hoe meer vrugte hy gedra het,
hoe meer altare het hy opgerig.
Hoe beter dit met sy land gegaan het,
hoe mooier het hulle
die gedenkstone^u maak.

* **9:16** Hos 5:11; 9:13

* **9:17** Deut 28:64-65; 1 Sam 15:22-23; Eseg 39:23-24

* **10:1** Jes 5:1-7; Jer 2:21; Eseg 19:10-14; Hos 4:7; 8:11

^u**10:1 gedenkstone:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

²* Hulle harte is vals —
nou sal hulle boet.
Die HERE self gaan hulle altare afbreek,
hulle gedenkstone verwoes.

³* Ja, nou sê hulle:
“Ons het nie 'n koning nie,
omdat ons nie
vir die HERE ontsag gehad het nie.
En die koning —
wat sou hy vir ons kon doen?”

⁴* Hulle praat maar net.
Hulle sweer vals
wanneer hulle 'n ooreenkoms sluit.
Maar reg sal geskied
so seker as wat giftige plante
opslaan in die slote in die veld.

⁵* Oor die kalf van Bet-Awen^v
is die inwoners van Samaria besorg.
Ja, sy volk treur oor hom,
sy afgodspriesters kerm oor hom,
oor sy aansien,
omdat dit van hom weggeneem is.

⁶ Hy self sal ook

* **10:2** Ps 78:36; Miga 5:12

* **10:3** Ps 12:5; Hos 3:4; 10:7

* **10:4** 2 Kon 17:3-4; Hos 4:2

* **10:5-6** Jes 46:2; Hos 5:13; 8:5-6; 12:2

^v**10:5 Bet-Awen:** Dit verwys na Bet-El en beteken ‘tuiste van onreg’.

na Assirië geneem word
as geskenk vir koning Jareb.^w
Skaamte sal Efraim oorval,
en Israel sal beskaamd staan
oor sy planne.
⁷ Samaria sal vernietig word,
haar koning sal soos 'n houtsplinter
op die water wees.
⁸ *Die hoogtes van Awen,^x
die sonde van Israel,
sal uitgedelg word.
Dorings en dissels
sal op hulle altare groei.
Dan sal hulle vir die berge sê,
“Bedek ons!”
en vir die heuwels,
“Val op ons!”*

⁹ “*Sedert die dae van Gibeá
het jy gesondig, Israel.
Hulle het daarmee volgehou.
Sal die oorlog teen die kwaadwilliges

^w**10:6 koning Jareb:** Kan ook vertaal word: “groot koning”. Dit verwys na die Assiriese koning by wie Efraim en Juda hulp gesoek het in die broederoorlog.

^{*}**10:8** Jes 2:10; Hos 4:13; 9:6

^x**10:8 hoogtes van Awen:** Dit verwys na die offerplekke by Bet-El waar die vrugbaarheidsgode gedien is. Die Hebreeuse woord ‘awen’ kan ook vertaal word ‘ramp/onreg/valsheid’.

^{*}**10:8 Dan ... Val op ons:** Luk 23:30; Op 6:16; 9:6

^{*}**10:9** Hos 9:9

hulle dan nie in Gibeon tref nie?

¹⁰ Omdat Ek so besluit het,
gaan Ek hulle 'n les leer:
Nasies sal teen hulle saamtrek
omdat hulle verbind bly
aan hulle twee sondes.^y

¹¹ “*Efraim was 'n geleerde vers
wat daarvan gehou het
om koring uit te trap.
Maar Ek het oor haar mooi nek gestreel
en besluit:^z
Ek gaan Efraim inspan;
Juda moet ploeg;
Jakob moet vir homself die grond eg.^{aa}

¹² *Ek het gesê,^{bb}
‘Saai vir julleself geregtigheid,
oes troue liefde in oorvloed;
breek vir julle nuwe grond oop.

^y**10:10 omdat hulle ... sondes:** Die •Septuagint lui: “wanneer hulle gestraf word vir hulle twee sondes”.

* **10:11** Jer 31:18; Hos 4:16; 11:4

^z**10:11 en besluit:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{aa}**10:11 Juda ... eg:** Dit verwys na die oorgang van 'n nomadiese bestaan na 'n gevestigde landboukultuur.

* **10:12** Jes 45:8; Jer 4:3; Hos 6:3; 12:6; Miga 6:8 (Septuagint); 2 Kor 9:10; vgl 2 Kor 9:6; Gal 6:8

^{bb}**10:12 Ek het gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

Dit is die aangewese tyd
om die HERE te soek,
totdat Hy kom en geregtigheid
vir julle laat neerreën.’

¹³ * Julle het goddeloosheid ingeploeg;
onreg is wat julle geoes het;
julle het die vrug van leuens geëet.

“Omdat jy op jou beleid vertrou,
op jou baie krygsmanne,
¹⁴ * sal oorlogsrumoer
teen jou volk opklink,
en al jou versterkte stede
sal verwoes word.

Soos Salman^{cc} Bet-Arbel^{dd} verwoes het
op die dag van oorlog
— ma's is saam met kinders
te pletter geslaan —

¹⁵ net so gaan hy met julle maak
in Bet-El,

oor julle verskriklike boosheid.

Teen dagbreek sal die koning van Israel
al heeltemal vernietig wees.”

* **10:13** Job 4:8; Spr 22:8; Hos 8:7

* **10:14-15** Jes 17:3; Hos 14:1

^{cc}**10:14 Salman:** Dit verwys waarskynlik na die Assiriese koning Salmaneser; vgl 2 Kon 17:3; 18:9.

^{dd}**10:14 Bet-Arbel:** Dit was waarskynlik die dorp Arba-ilu in die noord-ooste van Assirië.

11

God se liefde vir Israel

¹ “*Toe Israel 'n kind was,
het Ek hom al liefgehad,
en uit Egipte het Ek my seun geroep.^{ee}

² *Toe daar later net so
na hulle geroep is,
het hulle van My af^{ff} weggegaan.
Hulle het vir die Baäls^{gg} offers geslag,
vir afgodsbeelde
die rook van offers laat opstyg.

³ “*Ek self het Efraim leer loop,
Ek het hulle in my arms^{hh} geneem,
maar hulle wou nie erken
dat Ek hulle versorg nie.

⁴ “Met menslike bande

* **11:1** Eks 4:22-23; Deut 7:6-8

^{ee} **11:1 uit ... geroep:** In Matt 2:15 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

* **11:2** Jer 7:25-26; 9:13-14

^{ff} **11:2 hulle van My af:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui: “van hulle af”.

^{gg} **11:2 Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

* **11:3-4** Deut 1:31; Jes 46:3-4; 63:8-9; Jer 31:2-3

^{hh} **11:3 Ek het ... arms:** Die Septuagint en verskeie ou vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui: “Hy het hulle op sy arms geneem”.

het Ek hulle nadergetrek,
met die toue van liefde.
Ek was vir hulle soos dié wat die juk lig
wat teen hulle kake druk.
Ek het na Efraim afgebuk, hom gevoed.

⁵ “^{ii*}Hy sal nie na Egipteland teruggaan nie,
maar Assirië, dié sal sy koning wees;
want hulle het geweier
om hulle te bekeer.

⁶ *Die swaard sal deur sy stede gaan
en sy orakelpriesters uitroei;
dit sal hulle vernietig
oor die raad wat hulle gegee het.

⁷ *My volk sal opgehang
word vir sy afvalligheid,^{jj}
en na die juk^{kk} sal hulle hom roep,
'n juk wat glad nie gelig sal word^{ll} nie.

ⁱⁱ**11:5** Word ook vertaal: “Hy moet nie na Egipteland teruggaan nie, en Assirië, dié moet nie sy koning wees nie. Maar hulle het geweier om hulle te bekeer.”

* **11:5** Jer 5:3; Hos 8:13; 9:3

* **11:6** Jes 6:11; Jer 4:7; Eseg 6:6

* **11:7** Jer 7:25-26; Hos 7:16

^{jj}**11:7 sy afvalligheid:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui: “my afvalligheid”.

^{kk}**11:7 na die juk:** Die •Oudlatynse vertaling, die •Vulgaat en drie ou Griekse vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui: “na hoogte”.

^{ll}**11:7 gelig sal word:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal. Die bronteks lui: “hy sal lig”.

⁸ * “Hoe kan Ek jou prysgee, Efraim?
Hoe kan Ek jou oorlewer, Israel?
Hoe kan Ek jou prysgee soos Adma,
jou maak soos Sebojim?^{mm}

My hart is diep ontroer in My,
die deernis brand in My.

⁹ Ek sal nie in my siedende toorn
optree nie;
Ek sal nie omdraai
en Efraim vernietig nie;
want Ek is God, nie 'n mens nie —
die Heilige in jou midde;
Ek sal nie in woede kom nie.”

¹⁰ * Hulle sal die HERE volg.
Soos 'n leeu sal Hy brul;
wanneer Hy brul, sal kinders
bewend van die seeⁿⁿ af kom.

¹¹ * Hulle sal bewend aankom
soos voëls uit Egipte,
en soos 'n duif
uit die land Assirië.
“Ek sal hulle in hulle huise laat woon,”
is die uitspraak van die HERE.

* **11:8-9** Jes 54:8; Jer 31:20; Eseg 18:23,32; Joël 2:27; Mal 3:6; Jud vs 7
^{mm}**11:8 Adma ... Sebojim:** Hierdie stede is saam met Sodom en Gomorra
verwoes; vgl Deut 29:22.

* **11:10** Jes 31:4; Jer 25:30; Joël 3:16; Am 1:2; 3:4,8; vgl Num 24:8-9

ⁿⁿ**11:10 see:** Kan ook vertaal word: “weste”.

* **11:11** Jes 27:12-13; 60:8; Eseg 28:25

12

Verdere aanklagte

^{1 oo*}“Efraim het My omring met leuens,
en die huis van Israel met bedrog.
Juda is steeds bandeloos teenoor God,
maar teenoor die heiliges^{pp} is hy getrou.

² Efraim pas die wind op,
hy loop heeldag
agter die oostewind aan.
Al wat hy vermeerder,
is leuens en verwoesting.
Met Assirië sluit hulle 'n verdrag,
maar olyfolie word na Egipte gestuur.”

^{3 *}Die HERE het 'n regspraak teen Juda,
en Hy gaan Jakob
tot verantwoording roep
oor sy optrede;
Hy gaan hom vergeld
volgens sy dade.

⁴ In die moederskoot het hy al sy broer
aan die hakskeen vasgehou,^{qq}

^{oo}12:1-15 Sommige vertalings nommer hierdie verse as Hos 11:12 — 12:14.

*12:1-2 Jes 31:1; Eseg 16:28; Hos 5:13; 7:11

^{pp}12:1 heiliges: Dit is 'n verwysing na afgode.

*12:3 Jes 3:14; Eseg 20:36; Hos 4:1,9

^{qq}12:4 sy broer ... vasgehou: Dit beteken dat hy sy broer ondermyn het; vgl Gen 25:26; 27:36.

en in sy manlike krag
het hy met God geworstel.

⁵ *Hy het met die Engel geworstel
en het oorwin;
want hy het gehuil
en Hom om genade gesmeek:
“By Bet-El sal Hy hom ontmoet,
daar sal Hy met ons praat.

⁶ *Die HERE, die God van alle magte,
HERE is sy gedenknaam.”

⁷ *Maar jy, na jou God
moet jy terugkeer.
Lê jou toe op troue liefde
en wat reg is,
en wag altyd deur op jou God.

⁸ “*Kanaän^{rr} — in sy hand
is daar 'n vals weegskaal;
hy hou daarvan om uit te buit.

⁹ Efraim sê, ‘Ja, ek het ryk geword;
ek het self welvarend geword.*
Alles wat ek met moeite verkry het —
niks kan gevind word

* **12:5** Gen 28:19; 32:24-28

* **12:6** Eks 3:15; Ps 83:19; Jes 42:8

* **12:7** Miga 6:8; 7:7

* **12:8** Am 8:5; Miga 6:10-11

^{rr}**12:8 Kanaän:** Die naam beteken soms ‘handelaars’. Hier word Efraim spottend
“Kanaän” genoem.

* **12:9 ek het ryk ... welvarend geword:** Luk 12:19; Op 3:17

wat as sondeskuld
teen my gehou word,
wat as 'n oortreding geld nie.'

¹⁰ *Maar Ek, die HERE,
is jou God al van Egipteland af.
Ek sal jou weer in tente laat woon
soos in die feestyd.

¹¹ *Ek het met die profete gepraat;
Ek het dit deur baie visioene gedoen,
en deur profete tref Ek vergelykings.

¹² *Is Gilead boos?^{ss}
Hulle het heeltemal tot niet gegaan.
In Gilgal het Efraim selfs bulle geoffer;
ook hulle altare sal kliphope word
in die slote in die veld.

¹³ *Jakob het gevlug
na die veld van Aram;
Israel moes dienswerk doen
om 'n vrou te verkry;
ja, om 'n vrou te verkry,
moes hy kleinvee oppas.

¹⁴ *Deur 'n profeet het die HERE Israel

* **12:10** Eks 20:2; Lev 23:34,42-43; Hos 13:4

* **12:11** Num 12:6; Deut 18:15-18; Jer 7:25

* **12:12** Hos 4:15; 6:8; 9:15

^{ss}**12:12 boos:** Die ongevokaliseerde Hebreeuse woord is dieselfde as die woord in Hos 12:9 wat vertaal is as: “welvarend”. Die Masorete het dit gevokaliseer om ‘boosheid’ te beteken; vgl Hos 6:8.

* **12:13** Gen 28:5; 29:1-35

* **12:14** Eks 3:7-10; Deut 34:10-12; Jes 63:11-14

uit Egipte laat optrek;
ja, deur 'n profeet is hulle opgepas.”

Ondergang van Israel

¹⁵ *Efraim het uiters beledigend opgetree.
Sy Heer hou hom verantwoordelik
vir sy bloedskuld;
Hy sal hom vergeld vir sy uittarting.

13

¹ *Wanneer Efraim gepraat het,
het almal gebewe;
hy was hoog geag in Israel.
Maar hy het skuld op hom gelaai
deur Baäl^{tt} en gesterf;
² * en nou gaan hulle voort om te sondig.
Hulle het vir hulle
gegote beelde^{uu} gemaak —
afgode van hulle silwer,
met vaardigheid,
alles die handewerk
van ambagsmanne.
Van die beelde sê hulle:

* **12:15** 2 Kon 17:7-18; Hos 12:2; Miga 6:16

* **13:1** Gen 48:17-20; Rig 8:1-3; Hos 11:2

^{tt}**13:1 Baäl:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

* **13:2** 1 Kon 12:28,32; Jes 46:6; Hos 8:4-6

^{uu}**13:2 gegote beeld:** Dit verwys ook na houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

“Mense wat offer,
moet die kalwers soen!”

³ *Daarom sal hulle word
soos 'n môrewolk,
soos dou wat vroeg verdwyn,
soos kaf wat van die dorsvloer,
soos rook wat uit 'n venster,^{vv}
weggewaai word.

⁴ “*Ek, die HERE, is jou God
al van Egipteland af.

Buiten My

het jy geen ander god geken nie,
en naas My
was daar geen redder nie.

⁵ Dit is Ek wat jou
in die woestyn^{ww} versorg het,
in 'n bitter droë land.

⁶ *Maar toe hulle weiding kry,
het hulle versadig geraak;
hulle het versadig geraak
en hoogmoedig geword —
daarom het hulle My vergeet.

* **13:3** Ps 1:4; 68:3; Hos 6:4

^{vv} **13:3 venster:** Letterlik ‘gat’.

* **13:4-5** Deut 2:7; 8:15-16; Jes 43:11; 45:21-22

^{ww} **13:5 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

* **13:6** Deut 8:14; 32:15; Jer 18:15; Eseg 23:35

⁷ *Ek het vir hulle soos 'n leeu geword,
soos 'n luiperd langs die pad
hou Ek hulle dop.

⁸ *Ek sal hulle aanval soos 'n beer
wat haar kleintjies verloor het.
Ek sal hulle borskas oopskeur.

Soos 'n leeuwyfie
sal ek hulle net daar verslind;
die wilde diere
sal hulle uitmekaar skeur.

⁹ *Dit het jou vernietig, Israel,
dat jy teen My, jou Helper, is.

¹⁰ *Waar is jou koning dan,
dat hy jou kan red in al jou stede?

En waar is jou rigters,
oor wie jy gesê het,
'Gee vir my 'n koning en hoë amptenare'?

¹¹ Ek gee vir jou 'n koning in my toorn,
en Ek neem hom weg in my woede.

¹² “*Die sondeskuld van Efraim is toegebind,
sy sonde word veilig bewaar.^{xx}

* **13:7** Hos 5:14; 11:10

* **13:8** 2 Sam 17:8; 2 Kon 17:25; Klaagl 3:10-11

* **13:9** Jer 2:17,19

* **13:10-11** 1 Sam 8:6-7,9-22; Hos 10:15

* **13:12** Deut 32:34-35; Job 14:17; Rom 2:5

^{xx}**13:12 toegebind ... bewaar:** Die beeld is dié van 'n •boekrol waarop die sonde aangeteken is, en wat veilig bewaar word.

¹³ *Die geboortepyne
het vir hom aangebreek,
maar hy is 'n kind sonder insig.
Wanneer die tyd aanbreek,
lê hy nie reg in die baarmoeder nie.

¹⁴ *Moet Ek hulle bevry
uit die mag van die doderyk?
Moet Ek hulle van die dood loskoop?
Waar is jou pessiectes, Dood?
Waar is jou epidemie, Doderyk?
Medelye is vir my oë verberg.”

¹⁵ * Ja, hy bring skeiding tussen broers.^{yy}
Die oostewind, die wind van die HERE,
steek al op in die woestyn,^{zz}
sodat Efraim se waterbron
sal wegdroog,^a
sy fontein sal opdroog.
Dit sal die voorraadkamers plunder
van alle kosbare voorwerpe.

* **13:13** Jes 13:8; 37:3; Miga 4:9-10

* **13:14** Ps 49:16; Jes 25:8; 26:19; Hos 6:1-2; 1 Kor 15:55

* **13:15** Jer 4:11-12; Eseg 17:10; 19:12; Hos 12:2

^{yy}**13:15 Ja ... broers:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die •Septuagint, •Peshitta en die •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks kan vertaal word: “Ja, hy self dra vrug tussen broers.”

^{zz}**13:15 oostewind ... woestyn:** Dit verwys na die Assiriese leer wat gereedmaak om uit die ooste die land binne te val.

^a**13:15 wegdroog:** Die bronteks lui: “beskaamd staan”.

14

^{1 b*} Samaria gaan boet,
want sy was in opstand teen haar God.
Deur die swaard sal hulle val;
hulle kinders sal verpletter word,
hulle swanger vroue sal oopgesny word.

Oproep om terug te keer

^{2 *} Keer terug, Israel,
na die HERE jou God,
want jy het deur jou sondeskuld
gestruikel.

^{3 *} Kom met julle woorde
en keer terug na die HERE.

Sê vir Hom:

“Vergewe ons sondeskuld volkome,
aanvaar ons belydenis;
ons wil met die vrug^c
van ons lippe vergoed.

^{4 *} Assirië kan ons nie red nie,
op perde wil ons nie ry nie,
en ons sal nie meer ons handewerk
‘ons god’ noem nie;

^b14:1-10 Sommige vertalings nommer hierdie gedeelte as Hos 13:16 — 14:9.

*14:1 2 Kon 15:16; Hos 7:1; 10:14

*14:2 Jes 31:6; Jer 3:14; Hos 5:5; 6:1-3; 12:7

*14:3 Ps 51:18-19; Miga 7:18-19; Heb 13:15

^c14:3 die vrug: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui: “bulle”.

*14:4 Ps 68:6; Jes 31:1; Hos 5:13; 7:11; 8:6

want net by U
vind die vaderlose ontferming.”

⁵ “*Ek sal hulle afvalligheid genees,
Ek sal hulle uit vrye wil liefhê.
Omdat my woede teen hom bedaar het,

⁶ *sal Ek vir Israel wees soos dou.
Hy sal uitspruit soos 'n narsing,^d
en sy wortels inslaan soos die Libanon.

⁷ *Sy lote sal uitsprei;
sy prag sal wees
soos dié van 'n olyfboom,
en sy geur
soos dié van die Libanon.

⁸ *Dié wat in sy skaduwee gewoon het,
sal terugkeer;
hulle sal koring verbou,
en uitspruit soos 'n wingerdstok.
Die roem van Israel sal wees
soos die wyn van die Libanon.

⁹ * “Efraim, watter ooreenkoms
is daar nog tussen My en die afgode?

* **14:5** Jer 3:22; Hos 6:1; 11:7-8; Sef 3:17

* **14:6** Jes 26:19; Miga 5:6

^d**14:6 narsing:** 'n Veldblom wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

* **14:7** Ps 52:10; 92:13; Jer 11:16

* **14:8** Eseg 17:23; Hos 2:20-21; 10:1

* **14:9** Ps 27:10; Hos 4:17; Joh 15:4-5; 2 Kor 6:16

Ek is die Een wat hom antwoord,
en Ek hou hom in die oog.
Ek is soos 'n immergroen sipres —
by My word jou vrugbaarheid gevind.”

Wyse nawoord

¹⁰ *Wie is wys dat hy hierdie dinge
kan verstaan,
en verstandig dat hy dit kan begryp?
Ja, die paaie van die HERE is reguit* —
regverdiges loop daarop,
maar oortreders sal daarop struikel.

* **14:10** Deut 32:4; Ps 107:43; Spr 10:29; Jes 26:7; Jer 9:12

* **14:10 die paaie ... reguit:** Hand 13:10